# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 4:2022

### NUUSBRIEF VIR SIRKELVRIENDE




**LEES BINNE:**


- LENTESEISOEN
- GEDAGTES RONDOM GEBED
- NOGTANS SAL EK JUBEL
- MES
- SOMERFEES
- ATTIE VAN WYK PS
- BOEKGROEP
- GESPREKSGROEPE
- MTB-SKENKINGS
- NS DATUMS


**Lente in die Kaap** blom die veldblomme en skilder die natuur in allerande kleure. Die reëndae word minder, maar daar is soms 'n byt in die lug alhoewel die temperatuur stadig maar seker hoër raak. Van die mooiste dae in die Kaap kom in lente voor: windloos, wolkloos en matig.

Die natuur wys vir ons 'n resep van hoe ons kan leef. Laat jou lewe ook vol wees met pragtige kleure en skilder so die wêreld waarin jy beweeg. Sorg dat jou lewe ook soos die mooi dae in die Kaap is: vrolik, blymoedig, gelykmatig. ES

# LENTESEISOEN



**Ons is in ons Lenteseisoen — ’n tyd van vernuwing en verandering.**

Saam met die natuur snoei ons ons bome en maak seker ons beddings is gesaai met blomme vir die somer. ’n Tyd van regpak en wegpak en uitgooi wat oorbodig is. Plek maak om ons spens te laai met die mooiste vir die Lente en Somer wat voorlê.

Die **winter is verby** en ons waag dit uit ons grot en draai ons gesig na die son. Die voëls sing en roep vroeër as gewoonlik en die dae is langer met genoeg tyd vir nuwe ervarings en herinneringe.


Emosioneel en spiritueel is dit ook **’n seisoen van restourasie en wedergeboorte**. Ons harte is oop om hierdie geleentheid van Nuwe Lewe met albei arms aan te gryp. Ons laat los die goed wat ons terughou. Ons maak weer en weer, en nog ’n keer die keuse vir liefde, vreugde, en vrede in alles wat ons is en wat ons doen.

Ons wil die laaste drie maande van die jaar weet dat elke dag betekenisvol is. Ons wil waarde toevoeg tot ons eie lewe en elkeen wat oor ons pad kom. Ons wil teen die einde van die jaar weet dat ons **ALLES** gegee het, ons bes gedoen het en waar ons gefaal het, of vergeet het wie ons is en wat die regte ding is om te doen en dan ons ken gelig het om te gaan doen wat ons *móét* doen.

Mag dit vir jou en jou familie ’n geseënde seisoen wees. Mag jy elke dag die seëninge van God sien. Mag jou dae ’n refleksie wees van die Lente in jou siel.

Met liefde

**Terblanche**





# GEDAGTES RONDOM GEBED

**Ferdinand Deist skryf die boek, Tussen angs en sekerheid, reeds in 1978.**

Dit is geestelike dinamiet wat vandag nog net so waardevol en toepaslik is as toe dit geskryf was. Hierdie boekie is erken met die eerste Andrew Murray prys vir populêre geestelike werk.

*Tussen angs en sekerheid* is besinnings oor gebed. Aan die een kant wil die skrywer ons bevry van muwwe sekerhede. Sekerhede wat 'n sisteem skep waarin bid 'n plig volgens vaste reëls word. Dit word 'n saak van "soggens en saans" met korrekte inhoud netjies voorgeskryf. Die konsep oor sekerheid dryf volgens Deist die verwondering en bepeinsing oor God uit die gebed. Die krag van die Godsgeheim sterf … Sodoende sterf ons gebede daarmee saam, al hou ons aan met bid. So mis ons gebed as stille samesyn met God. Ons mis gebed as woordelose gevoel van dankbaarheid vir die lewe. Ons mis sodoende ook die peinsende soeke na God en 'n oorbluftheid oor die wonders van die skepping.

Aan die anderkant, sê Deist, is ons gebed soms uitgelewer aan oordrewe *angs. Angs omdat God nie meer vir ons sin maak nie.* Vertwyfeling oor slegte goed wat met ons en ons land en die wêreld gebeur. Dit bring negatiewe gevoelens van vertwyfeling en moedeloosheid. Waar angs ons kan bring tot 'n punt soos in die lewe van 'n Job en Jeremia.

**BOEKGROEP-BESPREKING OP 12 SEPTEMBER 2022 GELEI DEUR MARSIA ROSSOUW**


Dit is dan hier, sê Deist, wat die dodelike paradoks volg, waar ons begin vasklou aan "sekerhede" .. die angs vir die angs. Wat uiteindelik tog maar net onsekerhede is.

Gebed sê die boek, is om voor God te lewe, al is dit tussen angs en sekerheid. Dit is om God en jouself te herontdek in die ruimte tussen "te veel weet" en "te min verwag".

Ferdinand herinner ons, as ek en jy dan op 'n dag glad nie meer tot gebed kan kom nie, as die angs ons geheel oorspoel, of as gewaande sekerhede ons nie meer troos nie, dan en ek haal aan: "dan kan ons nog die eenvoudigste van alle gebede bid: *Here, leer U ons om te bid."*

In die voorwoord ter inligting oor die boek het die skrywer genoem van waarom die boekie die lig gesien het. Hy sê dat hy iewers gelees het van 'n prominente teoloog wat in sy studentejare net nie meer die bidure van sy medestudente sinvol kon meemaak nie. Hy het opgehou om dit by te woon. Wat die teoloog ervaar het, het hy, Deist, as bevrydend ervaar. Dit was vir hom genoeg om te weet dat daar êrens op aarde nog iemand was wat probleme gehad het met gebed, soos hy. Deist het wel die Kweekskool- en ander bidure bygewoon, maar die sin daarvan het vir hom al hoe meer duister geword. Die gebed as iemand opstaan om te bid, word deel van die formule wat van jou verwag word om te bid. **Vervolg bladsy 4**

*edward - redakteur* *ed56chris@gmail.com*



# NOGTANS SAL EK JUBEL

Aangepas uit *Met Ligter Tred* van Audrey Blignault

Ons sien mos maar wêreldwyd ellende; ook Habakuk, die Ou Testamentiese profeet, het reeds van die onderdrukking en geweld gepraat; tog het hy ook 'n sin vir skoonheid van die lewe raakgesien.

Hy skryf: "Ja, onderdrukking en geweld is voor my oë; en daar is onenigheid en twis begin ... aanskou die nasies en staan verstomd, verstomd."

Dan kry hy 'n visioen en skryf hy hierdie gebed:

"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel, en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal sal wees ... nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil."

Wanneer Audrey Blignault dan dink aan dit wat sy voor haar sien, wil sy ook jubel en juig.

Sy voel die wasem op haar gesig, voel en proe die sout, die waters voel sy as't ware oor haar spoel soos slaap ... en in die tuin is rooi winterblomme, vlampunte van die pointsettia, die brandende kerse van die vuurpyle, gloeiende dolke van die aalwyne … rooi winterblomme in die raam van winter; rooi blomme wat op 'n koue dag en 'n kleurlose straat koesterende warmte skep … dit kan ons steeds laat juig van blydskap.

Wanneer jy iets moois in 'n gedig lees, het jy iets wonderliks wat pas by die mooi natuur en besef jy dat dit 'n daaglikse wonder is om te lewe en elke wakker word, 'n heropstaan.

---

**Vervolg van bladsy 3**

Dit was dan ook sy inspirasie om die boekie te skryf. In die eerste plek vir homself, maar ook vir ander wat ook met dieselfde vertwyfeling. Hy spreek dan die wens uit dat met die boekie mense mekaar se hande sou kan vat in 'n gesprek oor gebed. Gedagtes uitruil oor die sinvolheid van gebed, en ook in stilte God se teenwoordigheid kan ervaar. Deist sê en ek haal aan: "Gebed kan 'n mens nie voorskryf nie. Om gebed te probeer ontleed, is om die musiek van die skepping by jou ore te laat verbygaan, en die sin van gebed kwyt te raak. Om te bid vra gemeensaamheid met God, vrymoedigheid teenoor God. Dit vra om God as jou Vader te aanvaar; as 'n God wat nie teen jou is nie, maar vir jou. Daarom dat jy met eenvoudig alles, jou vreugde en jou leed, jou angs en jou blydskap, met elke kleinigheid voor Hom kan gaan staan in die wete dat God daar is en omgee.

**Die Boekgroep (8 -12 lede) het op 28 Mei 2013 vir die eerste keer vergader en sal op 5 Desember 2022 reeds 79 keer vergader het. Die volgende Boekgroep is 7 November 2022. Skakel Lydia by 084 751 5401 of lydialeroux4@gmail.com**




# M E S

MES is a Christian integrated social development organisation that has been changing the heart of the city since 1986 and has been actively working towards providing sustainable solutions to pervasive poverty in the inner cities of Johannesburg, Cape Town, Port Elizabeth and Kempton Park. A space where positive values and norms are nurtured. A space where the disempowered are empowered. A space where human potential is developed.

OPENING OF THE PARROW CENTRE WILL BE THE THIRD IN THE NORTHERN SUBURBS




<u>Regs:</u> teenwoordig by die oorhandiging van kospakkies was Desmond Smith (Voorsitter van NS), alta Genis (Spysenier van Alta's Kitchen), Senzo Madida & Clarina Hanekom (beide van MES) en Edward Smuts (Projekte by NS).

<u>Onder & Regs-onder:</u>

Neo-Spektrum reik jaarliks uit na MES om saam met hulle Vrouedag te vier en werklose vroue te bederf. Hulle het 'n kospakkie, vrugtesappie en 'n pep-geskenkbewys van R100 ontvang.

# VROUEDAG





# SOMERFEES



## DRIEGANGMAALTYD &
## VEILING VIR SLEGS R430pp

**Bespreek by Lourita 071 579 4539**



## SKENK ASB.

**WYNE, SKILDERYE, ANDER KUNSWERKE VIR VEILING**

<u>SKAKEL EDWARD 082 788 1824</u>

# DURBANVILLE HILLS
# 12 NOVEMBER 2022



# ATTTIE VAN WYK PS

Neo-Spektrum (NS) is steeds baie betrokke by Attie van Wyk PS (AvW) op die Adderlypad buite Durbanville. NS werk nou saam met die skoolhoof, mnr. Albert Baatjies wat 'n wonderlike diens aan hierdie landelike gemeenskap lewer.

NS is deurlopend op die volgende wyses betrokke:

⇒ Salarisse aan 'n leerkrag, 'n klashulp en die sportfasilteerder

⇒ Beurse aan drie AvW-oud-leerders wat nou in matriek is by Fisantekraak HS

⇒ Aanbring van 'n interkomstelsel by die skoolhek

⇒ Skenking vanaf MTB (sien p.8) is hoofsaaklik vir sporttoerusting aangewend.

## VIER NUWE BEURSHOUERS 2023

Nadat Neo-Spektrum 'n groepsonderhoud by Attie van Wyk PS gedoen het, is daar deur die Uitvoerende Komitee besluit om vier beurse aan (vlnr) Justine Eiman, Jo-Dean Losper, Austin Jantjies en Dalene Esselaar vir hulle hoërskoolloopbaan toe te ken. Hulle goeie akademiese prestasies het 'n groot rol gespeel in die toekenning van die beurse. Ook die wyse waarop hulle interaktief tydens die onderhoud deelgeneem het, het 'n groot rol in die toekenning gespeel. Hulle is al vier in Fisantekraal en omgewing woonagtig.




Justine gaan na HS Aqilla in Greenville, Fisantekraal, Austin na HS Durbanville en Dalene gaan na Scottsville SS in Kraaifontein. Tans poog Jo-Dean steeds om toelating tot 'n hoërskool te kry.

NS wens hierdie vier leerders alle sterkte toe met hulle onderskeie hoërskoolloopbane.

# NEO-SPEKTRUM: OKTOBER—DESEMBER

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**



## BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 7 November 2022 by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville.
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.
- Die programdatums:
  - ⇒ 7 November 2022
  - ⇒ 5 Desember 2022
  - ⇒ 6 Februarie 2023

## GESPREKSGROEPE

(terblanche@neospektrum.co.za)

- Bespreek:
  Universal Christ - Richard Rohr

Veragder elke tweede week met byeenkomste in Oktober op

Stad: 24 Oktober 2022
Kolping: 27 Oktober 2022

- 2 Nov: UK Vergadering
- 12 Nov: Somerfees
- 27 Nov: AJV

November: Somerhoop Huis Jabes

**'n Mens het op soveel vreugde en geluk aanspraak as wat jy gee**

## Tygerberg Mountain Bike Club

'n Aanhaling vanuit hulle webblad: "MTB is the home of arguably the largest mountain bike club in the world." Hulle is ook "groot" as dit by skenkings kom.

Hulle het al by twee geleenthede fondse beskikbaar gestel aan Neo-Spektrum om aan te wend tot voordeel van die landelike primêre skole rondom Durbanville. Hierdie skole is:

- ⇒ Attie van Wyk
- ⇒ Kersboslaagte (vervang Blue Mountain - gesluit)
- ⇒ The Valley
- ⇒ Vissershok

Die **EERSTE SKENKING** is aangewend vir sportafrigting, sportklere, sporttoerusting en sportdae. Laasgenoemde is by die HS Durbanville aangebied waar sokker– en netbalspanne deelgeneem het. Hulle het ook lekker worsbroodjies en vars vrugte gekry.

Met die **TWEEDE SKENKING** het MTB die vereiste gestel dat hulle iets tasbaar wil sien. Daar word beplan om verbeterings aan die skoolterrein by die skole te verbeter asook om weer sporttoerusting aan te koop.

**DAAR IS GROOT DANKBAARHEID BY HIERDIE SKOLE!**

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com